# 39. Saalopening: CHOMP – Begin van die nuwe jaar

## Ysbreker idees:

Hier is 'n paar idees wat jy vir 'n ysbreker kan gebruik voordat jy met die les begin. Alles sal natuurlik van jou omstandighede afhang.

1. Koop 'n pak met klein chomps, reël voor die tyd met 'n paar kinders, of met 'n paar onderwysers wat lus is vir 'n bietjie pret. Kyk wie die meeste chomps in 'n sekere tyd kan opeet.

2. Sit 'n paar leë koeldrank blikkies op 'n tafel neer, en kry 'n lekker groot rek, reël dan met 'n paar kinders, of onderwysers om te kyk wie die meeste blikkies met die rek kan omskiet.

## Inleiding:

Welkom terug na die lekker lang Desember vakansie, veral welkom aan al die nuwe gesiggies. Ek weet dat 'n nuwe jaar vir die nuwe kinders, en partykeer ook vir die 'ou' kinders bietjie moeilik en stresvol kan wees.

Dis juis waaroor ek vanoggend bietjie met julle wil gesels. (Hou 'n CHOMP sjokolade in die lug op). Wie van julle hou van 'n CHOMP sjokolade? Wie van julle weet dat ons 'n spesiale boodskap uit die CHOMP sjokolade kan kry? (hoor of iemand weet waarvoor die letters van CHOMP staan)

Die naam CHOMP staan vir Christus Help Ons Met Probleme (as julle 'n projektor het kan jy dit op die skerm gooi, of dit lekker groot uitprint en vir die kinders wys).

## Probleme

Kom ons kyk gou…. almal wat opgewonde oor hierdie nuwe jaar, graad, skool is….. steek julle hande op. Almal wat senuweeagtig oor die jaar, graad, skool is……. Steek julle hande op. Nou almal wat braaf genoeg is om te sê dat hulle bang vir hierdie nuwe jaar, graad en skool is……. steek julle hande op.

Weet julle dat baie mense dink dis 'n skande om bang te wees, of dat jy swak is as jy sê jy is bang? Maar weet julle dat dit eintlik net die mense is wat baie braaf is wat dit kan doen.

*Die volgende deel kan jy eenvoudig hou, of iets meer daarvan maak. Jy kan moontlike probleme, of dit waarvoor kinders bang kan wees op klippe skryf en in 'n houer sit, en iemand kry om dit te help uitpak. Jy kan ook dieselfde probleme op papiertjies skryf en dit in ballonne sit en iemand kry om die ballonne te help prik met 'n naald.*

Bv. maats / vriende; baie werk; moeilike werk; onderwysers; toets; eksamens; COVID. Jy kan jou eie lysie maak, hierdie is net ‘n paar voorbeelde.

## Voorbeeld uit die Bybel

Nou wat maak ons met hierdie goed waarvoor ons bang is, hierdie moontlike ‘probleme’ van die nuwe jaar?

Wie van julle weet van Dawid in die Bybel? Hy het vir ons ‘n baie goeie voorbeeld gegee van wat hy gemaak het, en wat ONS ook kan doen.

Ek hoop dat meeste van julle weet dat hy die groot reus Goliat met ‘n klippie en ‘n slingervelletjie (iets amper soos ‘n kettie) doodgegooi het. Wie van julle weet dat hy ‘n beer en ‘n leeu moes doodmaak toe die sy pa se skape wou seermaak?

Ons lees in die Bybel dat Dawid sê dat God hom gehelp het om dit te doen. God het hom ook gehelp om die grootte reus met ‘n enkele klippie dood te gooi.

As ons vir God vra om ons te help met ons probleme, dan vat Hy dit nie vir ons weg nie, maar Hy HELP ons daarmee. Al wat ons moet doen is om Hom te VRA om ons te help. Wanneer jy bang is vir iets wat jy moet doen, of iets gebeur skielik dan maak jy net jou oë toe daar waar jy is en vra vir God om jou te help.

## Afsluiting:

God sê op ‘n KLOMP plekke in die Bybel dat ons Hom moet vra, en dan HELP Hy ons. Onthou, Hy vat dit nie weg nie, maar Hy HELP ons daarmee, maar ons moet Hom VRA om ons te help.

Is dit nie wonderlik om te weet dat ons net na die Groot, Groot God wat alles gemaak het kan gaan, vra om ons te help, en dan help Hy ons nie?

**Onthou**: CHOMP - Christus Help Ons Met Probleme


Cadbury
CHOMP
Delicious Wafer Biscuit and Caramel covered in Chocolate Flavoured Coating
Weet jy waarvoor staan CHOMP ?
Ja, dis 'n lekker tjoklit MAAR ...... dit sê vir ons:
Christus Help Ons Met Probleme
So, as dinge dalk vir jou moeilik raak vandag,
hou op om te stres!
Gryp 'n CHOMP!!


As jy ñ CHOMP eet dink
wat dit beteken...
Cadbury
CHOMP
Vriendskap Flentertjies
Christus Help Ons
Met Probleme.